**SONDAG 15 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 23:13-25**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 23:18-19**

## Barrabas – die naam gelaai met ironie!

Daar is min name wat soveel tragiese ironie soos die naam *Barrabas* bevat. Die verloop van dié naamdraer se lewe weerspreek immers die verwagting wat mens van die naam *Barrabas* het! Joodse seuns se name het met hulle pa's se name verband gehou. Barrabas is die saamgestelde vorm (in Grieks) van die Aramese Bar-Abba, wat beteken *seun van Abba*, of letterlik vertaal: *seun van die vader.*

Hier in ons Skrifgedeelte verkies die Jode hierdie *seun van die vader* bo die ware *Seun van die hemelse Vader*. 'n Skuldige *seun van die vader* word deur die Jode los-geskreeu, terwyl die onskuldige *Seun van die hemelse Vader* skreeuend veroordeel word met: *"Weg met Hom. Laat Barrabas vir ons los"* (vs 18-19a) en weer in vers 21: *"Kruisig Hom, kruisig Hom."* Dit is die eerste stuk ironie!

Die ironie verdiep as ons lees: *Barrabas was in die tronk oor 'n opstand in die stad en oor moord* (vs 19). Van die opstand weet ons nie veel nie. Waarskynlik het hy aan 'n opstand teen die Romeinse regering deelgeneem. 'n Held onder die Jode, 'n vryheidsvegter wat hulle vryheidstrewes met geweld moes verwesenlik!

Uiteindelik egter 'n simbool van valse vrede. Hy is volgens Romeinse wet verhoor en regverdig in die tronk gegooi! Waar is die vryheid waarvoor hy gestry het nou ...? Ironies, nie waar nie?!

Meer nog: Barrabas bly die simbool van valse vryheid, al word hy ook vrygelaat. En hy word losgelaat op grond van Jesus wat onskuldig gekruisig gaan word. Dit is die hart van die evangelie: Jesus Christus in die plek van Barrabas! Ook in die plek van die *Barrabasse* (opstandige strewes na valse vrede) wat in ons harte leef en van dié in ons samelewing.

Sien, mens mag dalk vry wees om te gaan waarheen en wanneer jy wil, maar sonder Christus bly jy tot die dood toe gevange. Soos wat Barrabas egter "genade" (vrylating) ontvang het ten spyte van homself, so is daar vrymakende genade by Jesus Christus vir elkeen wat in die geloof na Hom kom. Genadige ironie!

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*